

24 Junie

Skrifgedeelte: Galasiërs 1:6-10 (NAV)
Fokusgedeelte: Galasiërs 1:2

Maar net een evangelie – Christus

Die tyd waarin ons leef, maak dit nie altyd maklik om 'n gelowige te wees en om jou geloof uit te leef nie. Dit wat jy altyd geglo het, word skielik bevraagteken. Meer nog: summier ontken en belaglik gemaak. Dan voel jy gegrief: Hoe durf hulle! Maar jy voel ook verleë: Ek het God se Woord altyd so onvoorwaardelik aanvaar, maar nou word daar twyfel gesaai. Die regverdige Lot is in sy hart gepynig vanweë die ongeloof (2 Pet. 2:7). So raak die dinge ons ook!

Die groot apostel van die evangelie van Jesus Christus het Hom verwonder. Hy was verbaas. Die gemeente te Galate het die blye boodskap aangaande Jesus gehoor. Hulle het dit dadelik omhels. Hulle met dankbaarheid aan God verbind wat hulle deur sy genade in die genade van Jesus laat deel het. Maar met die tyd was daar van hulle wat die evangelie verdraai het. Dit beteken nie ander sieninge oor dieselfde Jesus nie. Nee, 'n *ander evangelie*. Dit beteken 'n ontkenning van die evangelie van Jesus. Nie dieselfde boodskap in 'n ander gedaante nie. 2 Korintiërs 11:4 – *'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het ...* Daar bestaan nie iets soos 'n ander evangelie nie. Daar is net een evangelie, die evangelie van Christus.

Mense wat die evangelie *verdraai* en ander *in verwarring bring*. Die revolusiedade van ons tyd. Die omverwerping van orde. Presies dit is al in Paulus se tyd met die verlossingsboodskap gedoen. Vandag ook nog. Nie net 'n ander Jesus nie. Nee, glad nie 'n Jesus nie. Glad nie 'n kruisdood nie. Glad nie 'n opstanding nie. Glad nie 'n ewige lewe nie!

Hierdie verwerping van Jesus het verskriklike gevolge: *Die vloek van God sal hom tref!* Dit gaan direk teen God en sy Woord in. Daarom ten diepste 'n gruwelike aantasting van God in sy heiligheid. Sonde teen die Heilige Gees. Daarvoor is daar nie vergewing nie, sê Jesus.

Daarom! Leef by dit wat jy ontvang het. Oefen jou in die geloof. Hou vas wat jy het. Here, U is al wat ek het.

Sing: Psalm 68:15 (1936)

Ds. LD Aucamp (Emeritus, Bronkhorstspuit)